# Dorothea-Nuus

- No.1/2015 -

Nuusbrief van die **Dorothea-Sending** - 'n evangeliese geloofsending

*Werksaam in: Suid-Afrika, Zimbabwe, Zambië, Malawi en Mosambiek*

('n Nie-winsgewende organisasie - reg. no. 039-294-NPO)





"Want ek skaam my nie oor die evangelie van Christus nie,
want dit is 'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo, eerste
vir die Jood en ook vir die Griek."
(Romeine 1:16)



## In hierdie uitgawe

**Bladsy 3** - Planne en uitdagings

**Bladsy 4** - Ons Media Departement

**Bladsy 6** - Verslae uit die veld

**Bladsy 8** - Gebedsversoeke

# Hart tot hart

Dankie vir die voorreg om met u te deel wat in ons harte is. 'n Groot aantal van ons vriende stap al vir baie jare saam met ons. Ons kan net die Here dank vir u gebede en die impak wat u gemaak het deur saam met ons hande te vat in hierdie saak. Soos die jare kom en gaan, kan veranderinge in die Sending plaasvind, maar die roeping, doel en die oogmerk het nie verander nie.

Die hartklop van die Dorothea-Sending is nog steeds daarin gesentreer om die "wonderlike Evangelie van ons Here Jesus Christus te verkondig aan die sondaar en hulle te bereik". Ons kan getuig dat die waarheid van die Evangelie nog steeds die krag van God is tot redding vir elkeen wat glo. Ons het die vreugde om die Woord van God te saai, maar ook om die vrugte te kan pluk. Ons doen dit in die geloof met die oortuiging dat God, deur sy Heilige Gees, mense se harte sal aanraak, hulle sal oortuig van sonde en hulle na Christus sal lei. Dankie dat u dit met ons deel.

In hierdie uitgawe van ons nuusbrief, deel ons 'n paar van ons planne vir 2015 met u.  Ons het die Here nodig om voor ons uit te gaan en saam met ons te wees waar ons op 'n spesiale manier uitreik na die Afrika kerke. Ons vertrou op die Here vir 'n nuwe vennootskap met hierdie kerke. Bid asseblief dat God ons pogings om Afrika te bereik en te evangeliseer sal seën; hetsy deur literatuur, die radiogolwe, prediking, onderrig of op ander maniere  waar ons saamwerk om God se koninkryk te bou. Bid saam met ons dat God verheerlik sal word, dat Hy ons sal lei elke tree van die pad, vir Goddelike wysheid en vir oop deure ten opsigte van die bogenoemde sake wat Hy op ons harte gelê het.

Ons is bewus daarvan dat baie van ons vriende spesiale behoeftes en persoonlike uitdagings in die gesig staar. Mag God u seën en u volgens u behoeftes versterk.

**"Roep My aan, en Ek sal jou antwoord en jou bekend maak groot en ondeurgrondelike dinge wat jy nie weet nie."**
**(Jeremia 33:3)**

Saam in Sy diens

Zandra Nel
Mede-Direkteur

# Dorothea-Sending Bybelkollege:

## Planne en uitdaging

In ons harte loof en aanbid ons die Here vir Sy goedheid, genade en guns wat ons nie verdien nie. God het vir mnr. Hans von Staden, die stigter van die Sending, die visie en roeping gegee om die mense van Afrika in Suider-Afrika te evangeliseer. Die Bybelkollege is uit hierdie visie gebore met die doel om evangeliste op te lei en toe te rus om deel te wees van hierdie visie van die Dorothea-Sending. Deur die genade van God, het Hy vir meer as 72 jaar die Sending in stand gehou. Steven Lungu sal die gasspreker by ons verjaardag hierdie jaar wees. Die Here het hom baie jare gelede deur die werk van die Dorothea-Sending gered.

Liewe vriende, soos ons aan u skryf, weet ons dat u deel was en nog steeds deel is van hierdie roeping en visie wat die Here ons gegee het. U gebede en donasies het ons in staat gestel om voort te gaan met hierdie bediening. Dankie vir u gehoorsaamheid aan die Here in hierdie verband en veral vir die tyd wat u afstaan om vir ons te bid. Dankie ook aan almal wat reeds of nog steeds bydraes tot hierdie bediening maak. Ons kan u net bedank en vir God vra om u te seën.

By 'n onlangse vergadering van die Raad is daar besluit dat die Bybelkollege op verskillende manier opgegradeer sal word in 2015 en weer in 2016 sal heropen. Die dosente sal aktief deelneem aan hierdie opgradering. Hulle sal hierdie tyd gebruik om die Dorothea Bybelkollege wyer bekend te maak as 'n Bybelkollege vir beide voltydse en deeltydse studente. Die opgradering sluit die aanpassings van kursusse in sodat dit 'n wyer en groter mate van formele erkenning kan verseker.

Die Raad van die Dorothea-Sending het ook besluit dat sy werkers in al die velde en lande versoek sal word om uit te reik na die evangeliese Afrika-kerke om die werksaamhede van die Sending meer spesifiek onder hulle aandag te bring. Oor die afgelope paar dekades het die Afrika-kerke vermenigvuldig, ontwikkel en aansienlik gegroei. Dit is ons gebed dat, in ons pogings om siele wat verlore is te bereik, die Here deure sal oopmaak in kerke wat dit moontlik sal maak om mekaar wedersyds te versterk en te ondersteun. Sodoende kan dan ook aangedui word in watter rigting die Sending van hulp kan wees, en omgekeerd. Verder is dit ons gebed en begeerte dat dit sal lei tot meer voorbidders met 'n las om te bid vir ons werk.

**"Red die wat na die dood gesleep word, en die wat na die slagbank wankel, hou hulle tog terug."**

**(Spreuke 24:11)**

# Ons Media Departement

## Belangrikheid van Christelike Literatuur



Die literatuur-afdeling is 'n belangrike deel van ons Sending. Christelike literatuur is tot 'n groot mate 'n middel om mense te bereik met wie ons nie kan kommunikeer nie. Dit kan geneem word na verskeie gebiede en ons het geen idee hoeveel mense dit sal bereik nie. Mense moet die waarheid van die Evangelie leer ken. Deur dit te doen, kan ons die verspreiding en die oordra van valse inligting deur valse leraars afweer.

Deur die korrespondensie Bybelstudie word nuwe Christene gehelp om geestelik te groei. Baie ongelowiges het die Here Jesus leer ken deur die lees van traktate wat aan hulle oorhandig is. Ons druk literatuur vir gebruik in Malawi, Mosambiek, Suid-Afrika, Zambië en Zimbabwe.

## Radio-werk

Sedert ons in 1978 begin het met die uitsaai van radio-boodskappe te TWR (Trans Wêreld Radio), het ons gesien en gehoor van siele wat gered is en tot die koninkryk van die hemel toegevoeg is. Toe die Mosambiekse grense gesluit was vir die Evangelie, was die radiogolwe in staat om deur die grense te dring en kon baie luisteraars die saligmakende kennis van die Here Jesus Christus hoor.

Met dankbaarheid het ons gehoor van getuienisse vanuit Mosambiek hoe die bekeerlinge op Dinsdag en Woensdagaande bymekaar gekom het rondom 'n radio, om te luister na die evangelie. Hulle het hulself die "Dorothea Kerk" genoem. Op hierdie manier is siele gered deur die prediking van die evangeliste van die Dorothea-Sending.

Programme is geproduseer in Chichewa om die Chichewa-sprekende mense van Malawi te teiken. Dit kan ook in die suidelike en oostelike provinsies van Zambië gehoor word. Ons het gehoor van baie mense wat hul lewens aan die Here Jesus gegee het in hierdie lande. Ons onthou 'n dag wat ons gepreek het in 'n sekere dorp in die oostelike provinsie van Zambië. Toe is ons voorgestel aan mense wat baie opgewonde gesê het: "Uiteindelik kan ons die predikers van die program *Mphatso ya Mulungu* (gawe van God) van Trans Wêreld Radio ontmoet". God was baie getrou in die loop van hierdie radioprogramme. Dit is Hy wat die kosbare siele red. Deur Sy genade was ons in staat om baie mense te bereik.

**Veranderinge:** Daar is 'n paar veranderinge gemaak by TWR in verband met ons programme. Dit was altyd uitgesaai op kortgolf en hulle kon in daardie tyd verskeie plekke bereik. Daar word nou 'n paar probleme ondervind met die kortgolfsender in Malawi. As gevolg hiervan, moet hulle nou hoofsaaklik op FM uitsaai. Dit beteken dat die luisteraars in Zambië en sommige dele van Malawi nie ons boodskappe kan hoor nie.



TWR het egter die voordeel met die die FM uitsendings dat die uit-sendings duideliker is en 'n mens makliker kan inskakel. Gelukkig kan luisteraars van Tete, in Mosambiek, nog steeds inskakel en die bood-skappe hoor.

**Nuut:** Goeie nuus vir Zambië is dat daar programme in Bemba geproduseer gaan word. Dit is 'n taal wat meestal in die Koperstreek en die noordelike Luapula provinsies gepraat word.

**Suid Mosambiek:** TWR saai daar uit in Shangaan (Tsonga) en hierdie programme sal steeds voortgaan. Die enigste veranderinge wat gemaak is, is dat die boodskappe op Dinsdae van 18:30 tot 19:00 uitgesaai word en Woensdae op dieselfde tyd herhaal word. Ons sien uit daarna om saam met twee kleiner radio stasies in Chokwe, naamlik, *Radio Macia* en *Radio Hlavuko* te werk. Ons is besig met eksperimentele programme wat bewys het dat dit werklik doeltreffend is.

**Gebedsversoeke:**


- Dank God vir die voortgesette verhouding wat ons met Trans Wêreld Radio het.
- Dank Hom vir die geleentheid wat ons ondersoek wat ons in staat sal stel om Bemba-programme te verskaf vir uitsending.
- Bid dat meer kanale sal oopgaan sodat meer en meer mense in staat sal wees om in te skakel by Trans Wêreld Radio.

**"So, sê Ek vir julle, is daar blydskap voor die engele van God oor een sondaar wat hom bekeer."**
**(Luke 15:10)**

## Let asseblief op:

Die 73ste verjaardag van die Dorothea-Sending sal op 12 September gehou word, D.V. Ons gasspreker by die geleentheid sal Mnr Steven Lungu van Malawi wees. Meer inligting sal in die volgende uitgawe van die Dorothea-Nuus gegee word.

# Verslae uit die veld



**Tete, Mosambiek:** Die Tete span het saam met die Malawi-span na Angonia gegaan. Angonia is 12km van die hoofpad af. Hoewel hulle 'n uitdagende tyd gehad het as gevolg van die swaar reën, het baie mense na die byeenkomste gekom om die Woord van God te hoor en het 55 mense hul lewens vir die Here gegee. Die bediening aan die kinders was ook vrugbaar. Die hoofman wat hulle ontvang het was nie 'n Christen nie, maar op die vierde dag van die uitreik het hy Christus aangeneem as sy persoonlike Verlosser. Hy het selfs 'n stuk grond aangebied dat 'n kerk gebou kan word. Sy naam is hoofman Kungwa.

Die boekie "Wees 'n Lewende Lidmaat", is versprei onder die bekeerlinge. Hierdie boekie is 'n doeltreffende instrument in beide Malawi en Mosambiek. Dit het daartoe bygedra om te help dat sommige kerke in getalle toegeneem en geestelik gegroei het. Sommige ander Christelike groepe maak ook gebruik van die boekie. Die Zambezi Evangeliese Kerk het 'n twee dag seminaar ge-organiseer in Tete vir later die jaar waar hulle leiers en aktiewe lidmate verdere lering uit die boekie kan ontvang.

**Chokwe, Mosambiek:** Die span het 'n leierskap-seminaar by die *Gemeentes van Christus* kerk gehou van 24 tot 28 November 2014 en ongeveer 100 leiers uit verskillende kerke het dit by-gewoon. Hulle was baie beïndruk met die lering wat hulle ontvang het. Die meeste van hulle het ge-tuig dat hulle baie geleer het en nou nuwe gedagtes met hul lidmate gaan deel. Diegene wat met geskeurde en verslete Bybels ge-kom het, het nuwe Bybels ontvang.



Hierdie seminare het hulle baie gehelp in hul persoonlike en geestelike lewe.

**Neem asseblief kennis van die volgende veranderinge:**

- Ons kantoor telefoonlyn 012-5602002 is gestaak. Ons wil graag al ons vriende wat ons telefonies wil kontak, adviseer om van nou af die kantoor selnommer: 082 896 7960 te gebruik.
- Posbus 219, Pretoria, wat nie meer gebruik word nie, is amptelik gesluit. Posbus 911-024, Rosslyn, 0200 word nou vir alle korrespondensie met die kantoor gebruik.

# Kinderbediening in Zambië



God is regtig goed vir ons sover dit die Bybelklubs vir kinders aangaan. Die span doen verskillende aktiwiteite met die kinders soos persoonlike evangelisasie en huisbesoek. Dit is bemoedigend om te sien dat kinders die evangelie deel en literatuur versprei onder bejaardes. Hierdie seuns en meisies word geleer hoe om ander vir Christus te wen. Die span neem hulle ook soms saam wanneer hulle uitgaan om evangelisasiewerk te doen. 'n Kinder Bybelklub is begin by 'n huis waar hulle goed ontvang is. Baie kinders het daarheen gekom. Tot dusver is daar vier klubs, naamlik in Chunga, Matero (dit is onlangs begin), Lilanda en in George. Deel van die plan vir hierdie jaar is om sport te gebruik om meer kinders na die klubs te lok. Die span wil graag plaaslike skoolterreine gebruik om meer kinders te betrek met die oog op die geleentheid om deel te neem aan sokker en netbal wedstryde. Alle lof aan God, want al die kinders in die Bybelklubs wat eksamens in verskillende skole geskryf het, het geslaag. Die span beplan om drie groepe saam te stel wat verdeel word volgens die kinders se ouderdomme. Die span het 'n paar van die ouers ontmoet wie se kinders in die Bybelklubs is en gevind dat hulle opreg waardeer wat God besig is om in die lewens van hul kinders doen.

# Verslag vanuit die hospitaal

As 'n Sending was daar 'n tyd dat ons swaar belas was om te bid vir die Venda mense. Een van ons oorlede werkers het gevoel die Here roep haar om onder hulle te werk. Sy en mede-werkers het Venda besoek en uitgereik met die evangelie. Siekte het haar egter verhinder om voort te gaan met hierdie taak. Die geestelike nood onder die Venda mense is ook gedeel met ons voorbidders. Nou, baie jare later was dit asof die Heilige Gees my herinner aan daardie tye van gebed. Baie onlangs was dit my voorreg om aan drie verskillende Venda vroue die evangelie te bedien. Dit alles in een week. Hul babas was in die hospitaal. Twee van hulle het tot die reddende geloof in die Here Jesus Christus gekom. Beide van hulle was blootgestel aan die lering uit die Woord van God, maar was nog nie by die punt waar hulle die besluit geneem het om die Here aan te neem en Hom te volg nie. Die behoeftes van hul babas is egter deur die Here gebruik om hulle by hierdie punt te bring waar hulle hul harte vir Hom oopgemaak het. Hulle getuig dat hulle nuwe mense geword het in Christus Jesus. Die derde moeder het reeds 'n duidelike getuienis en 'n lewende verhouding met die Here gehad. Ek is getref deur die feit dat alhoewel hierdie drie moeders afkomstig was van verskillende gebiede in Venda, hulle blootgestel was aan die waarhede van die Woord van God. Slegs die ewigheid sal ons die krag van gebed openbaar. Mag u hierdeur aangemoedig word om voort te gaan om te bid dat God se koninkryk mag kom.

# Gebedsversoeke

- **Chokwe, Mosambiek:**
  3 - 8 Mei: Mapai en Mabatlane
  10 - 22 Mei: Chicualacuala en die Shangaan-sprekende mense net oor die grens in Zimbabwe.
- **Tete, Mosambiek:**
  Leierskap seminare en opvolgwerk in Moatize, Chimadzi en Kambinde.
- **Malawi:**
  Hulle werk in Blantyre as gevolg van die reënseisoen.
- **Zambië:**
  3 Mei: Kabanana (Noord-Lusaka)
- **Zimbabwe:**
  Mei: Marondera
- Bid saam met ons dat God oop deure sal gee in die Afrika-kerke en hulle harte sal aanraak wanneer ons na hulle uitreik.
- Bid dat die Here baie voltydse en deeltydse studente sal roep om na die Bybelkollege te kom.
- Bid dat al die werkers sal groei in hul persoonlike wandel met die Here, dat hulle geïnspireer sal word en effektief sal wees in die Here se werk.
- Bid ook vir diegene wat tot geloof gekom het, om geestelik te groei.

**"O Hoorder van die gebed, tot U moet alle vlees kom." (Psalm 65:3)**


**ONS KONTAKBESONDERHEDE:**

**Adres:** Posbus 911-024, ROSSLYN 0200, Suid-Afrika

**Telefoon:** 082-8967960

**E-pos:** office@dorothea.org.za **Webbladsy:** www.dorothea.org.za


**Die Dorothea-Nuus is ook per e-pos beskikbaar.**

Na aanleiding van navrae wat ons van tyd tot tyd ontvang, verstrek ons hiermee die bankbesonderhede van die Dorothea-Sending:

*Dorothea Mission, Standard Bank, Tshwane Midcity tak, takkode 010145 en rekeningnommer 011030801.*